

Afrikanerhistorici besin oor hul dissipline

Boekresensie: *Verandering & vernuwing in geskiedenisbeskouing*
(Henning van Aswegen en Pieter Kapp)

Verandering & vernuwing in geskiedenisbeskouing

Henning van Aswegen en Pieter Kapp

Kleio Uitgewers, 2006

ISBN 0-620-36720-2

Resensie deur Pieter de Klerk

Henning van Aswegen en Pieter Kapp is twee bekende Afrikaanse historici wat heelwat gemeen het. Albei is in 1939 gebore, het in ongeveer dieselfde jare aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer en was vir meer as 'n dekade saam werksaam aan die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU, tans die Universiteit van Johannesburg), waar hulle ook saam in 1979 tot professor bevorder is. Albei het enkele jare gelede op sestigjarige leeftyd afgetree.

Daar is egter ook verskeie verskille: Van Aswegen was van die begin tot aan die einde van sy loopbaan as akademikus aan universiteite verbonde. Kapp, daarenteen, was eers enkele jare lank 'n onderwyser voordat hy 'n betrekking aan 'n universiteit aanvaar het. Aan die RAU het hy drie jaar lank die nie-akademiese pos van studentedekaan beklee. Na sy aftrede het hy voortgegaan met navorsingswerk maar was ook op wyer terrein bedrywig. Tans is hy as president van die konvokasie van die Universiteit van Stellenbosch nou betrokke by die sogenaamde Stellenbosche taalstryd, waarvan die uitkoms waarskynlik 'n ingrypende invloed op die toekoms van Afrikaans as universiteitstaal sal hê. Hierbenewens het die twee historici op verskillende terreine van die geskiedenis gespesialiseer, Van Aswegen in Suid-Afrikaanse en Afrikageskiedenis en Kapp in wêreldgeskiedenis en teoretiese aspekte van die geskiedenis.

Grietjie Verhoef, historikus van die Universiteit aan Johannesburg en 'n vroeëre student van die twee professore, het hulle gevra om met mekaar in gesprek te tree oor hul ervarings in die wêreld van die geskiedenis. Die resultaat daarvan is hierdie boek, verdeel in vier afdelings, getiteld "die gesprek begin", "die gesprek oor die universiteitsjare", "die gesprek oor die akademiese beroep" en "die gesprek met die verlede", waarin Van Aswegen telkens die eerste opstel lewer, gevolg deur een van Kapp. In Verhoef se voorwoord dui sy aan dat die geskiedbeoefening as 'n gesprek met die verlede gesien kan word. Dit is veral in hierdie sin dat hierdie werk as 'n gesprek beskou kan word. Hoewel die twee skrywers soms reageer

op mekaar se stellings, tree hulle nie direk in gesprek met mekaar nie en debatteer nie oor bepaalde sake nie. Elkeen gee sy eie perspektief op, onder meer, hulle vorming as historici, hulle ervaringe in die akademiese professie en hulle reaksie op nuwe tendense en ontwikkelinge in die geskiedeniswetenskap. Soos verwag kan word, stem hulle, as historici met ongeveer dieselfde agtergrond, oor baie sake saam, maar dit blyk dat daar ook verskille is in hul beskouinge. Nie een van die twee bespreek of vestig die aandag op hierdie verskille nie.

Albei meen dat hulle 'n taamlik gebrekkige opleiding as historici aan die Universiteit van Stellenbosch ontvang het en blameer veral die destydse hoof van die departement geskiedenis, prof. P.J. van der Merwe. Van Aswegen, wat aanvanklik 'n tydelike dosent op Stellenbosch was, meen dat sy besluit om uit Stellenbosch pad te gee en elders 'n doseerpos te aanvaar baie goed vir sy loopbaan en verdere vorming was. In sy nuwe werkkring, by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, het hy nie die snobisme wat hy in Stellenbosch ervaar het, beleef nie. Kapp het, nadat hy reeds etlike jare op ander plekke werkzaam was, die aanbod van 'n tydelike lektoraat op Stellenbosch van die hand gewys omdat hy nie daar wou werk solank Van der Merwe nog daar was nie. Van Aswegen en Kapp vertel interessante staaltjies oor historici wat hulle as kollegas en vakgenote meegemaak het, onder andere J.J. Oberholster, M.C.E. van Schoor, M.J. Swart, F.A. van Jaarsveld en T.R.H. Davenport. Oor sommige kollegas word daar opvallend geswyg en oor die geskiedenisdepartemente van verskillende universiteite, waaronder die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, asook die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se afdeling vir geskiedenisnavorsing, maak veral Van Aswegen kritiese opmerkings. Van Aswegen verskaf ook belangrike inligting oor die ontstaan van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging en die verhouding tussen hierdie vereniging en die Historiese Genootskap van Suid-Afrika.

Die twee skrywers se opmerkings oor die doseermetodes en sillabusse waarmee hulle as studente en dosente te doen gehad het en hul pogings om veranderinge te bewerkstellig is ook baie insiggewend. Jonger historici sal waarskynlik geskok wees om te lees dat aan sommige universiteite tot in die 1960s die Suid-Afrikaanse geskiedenis ná 1910 nie behandel is nie en dat daar 'n hewige debat was oor die aanvaarbaarheid van eietydse geskiedenis. Van Aswegen skryf ook oor sy ervarings met swart studente, wat eers in sy latere jare aan die RAU in beduidende getalle daar gestudeer het. Hy betreur dit dat die RAU se geskiedenisdepartement in sy tyd nie 'n swart student opgelewer het wat sy merk as historikus gemaak het nie, maar meen dat dieselfde geld vir die ander Afrikaanse universiteite.

Wat die Afrikaanse geskiedskrywing betref, laat Van Aswegen hom negatief uit oor die Rankeaanse metode (soos hy dit noem) wat so lank aan Afrikaanse universiteite hoogty gevier het. Kapp sien dit ietwat anders. Hy gebruik nie die term Rankeaanse metode nie, maar verklaar dat dit vir hom in die geskiedskrywing altyd om "die strewe na egte historiese verstaan en

verklaar op grond van die rekonstruksie en die integrering van die gebeure in altyd groter gehele” gegaan het (p. 47). Hy meen dat die geskiedenis nie vanuit ‘n verklarende konsep benader moet word nie, maar, in die bekende woorde van die Nederlandse geskiedskrywer J. Huizinga, gesien moet word as die geestelike vorm waarin ‘n kultuur hom rekenskap van sy verlede gee. Albei wei uit oor nuwe tendense in die geskiedskrywing, maar terwyl Kapp die klem lê op die “gesonde afstandelikheid en kritiese houding” (p. 47) wat teenoor hierdie tendense bewaar is, beklemtoon Van Aswegen die positiewe invloed van die strominge, wat volgens hom daartoe gelei het dat “‘n nuwe meer kritiese kyk na die Suid-Afrikaanse geskiedenis onder ‘n kerngroep jonger Afrikaanse historici aan die ontwikkel was” (p. 58). Hy betreur dit dat ouer historici soos Van Jaarsveld en Van Schoor, asook C.F.J. Muller, nie meegehelp het om ‘n intellektuele basis vir die volgende geslag te lê nie. Dit het bygedra tot die armoede wat daar volgens hom in die Afrikaanstalige geskiedskrywing ingetree het.

Van Aswegen en Kapp skryf albei kortliks oor resente ontwikkelinge in die historiografie, maar Kapp gee hierbenewens ook aandag aan die geskiedfilosofie. Hy toon veral waardering vir die beskouinge van J. Rüsen en F. Ankersmit. Verder behandel hy sy pogings om wêreldgeskiedenis of internasionale geskiedenis, soos hy dit noem, te bevorder, sowel aan die RAU as gedurende sy latere jare op Stellenbosch. Hy het onder meer geleenthede geskep om op nagraadse vlak in ‘n tema in die internasionale geskiedenis te spesialiseer, iets wat vroeër feitlik nie aan Afrikaanse universiteite moontlik was nie. Op ‘n dag in Mei 1997, waarna hy as Swart Vrydag verwys, moes hy egter tot sy skok verneem dat die dekaan gemeen het dat die fokus van sy departement verkeerd was. Dit was vir hom ‘n groot teleurstelling en het tot sy vroeë aftrede gelei, maar, soos hy self aandui, het hy die teleurstelling te bowe gekom en na sy aftrede voortgegaan met historiese navorsing en nog verskeie publikasies gelewer. Vir ‘n buitestaander is dit moeilik om te begryp hoe ‘n dekaan se optrede so maklik die loopbaan kon knou van iemand soos Kapp, wat ‘n hoë aansien as akademikus binne die universiteit en onder Afrikaanse historici gehad het. ‘n Vraag wat veral by ‘n mens opkom is of die dekaan (wat nie ‘n historikus was nie) hom in sy oordeel deur ander historici laat lei het. Miskien sal hierdie en ander vrae beantwoord word wanneer ‘n manuskrip, wat Kapp voorberei het om na sy dood te verskyn, gepubliseer word. Hoewel historiese navorsing aan Suid-Afrikaanse universiteite seker primêr op die Suid-Afrikaanse geskiedenis toegespits moet wees, is dit van die uiterste belang dat studente toegerus moet word met ‘n goeie kennis van veral die resente wêreldgeskiedenis. Dit bring mee dat daar akademiëci moet wees wat deeglik ingegrawe is in die Amerikaanse geskiedenis, Europese geskiedenis, Oosterse geskiedenis, ensovoorts, en sulke akademiëci kan hierdie kennis net opbou en op hoogte met nuwe navorsing bly as hulle eie navorsingswerk met hierdie terreine verband hou. Dit is jammer dat (so lyk dit tans) daar nie op Kapp se belangrike bydrae

om die beoefening van wêreldgeskiedenis aan Afrikaanse universiteite te ontwikkel voortgebou word nie. Soos beide Van Aswegen en Kapp na vore bring, verkeer die historiese dissipline tans in 'n oorlewingstryd en jonger historici het in hierdie verband waarskynlik met groter probleme te make as die geslag van Kapp en Van Aswegen. Hulle kon nog vir die grootste deel van hul loopbane werk met stewige getalle voorgraadse en honneursstudente, wat oor die algemeen 'n goeie skoolopleiding geniet het, en het ook die geleentheid gehad het om 'n aantal knap meesters- en doktrale studente in hul navorsing te begelei.

Kapp en Van Aswegen het albei 'n maklike skryfstyl en slaag daarin om moeilike begrippe op 'n eenvoudige wyse te verduidelik. Die boek kan daarom nuttig wees vir studente en ander belangstellendes om kennis met resente tendense in die historiografie en geskiedfilosofie te maak. Hulle verwys na skrywers en werke wat geraadpleeg kan word om 'n meer diepgaande studie te doen. 'n Bibliografie waarin die werke van skrywers wat in die boek genoem word verskyn, sou 'n waardevolle toevoeging tot die publikasie gewees het, maar dit is in elk geval maklik om die werke in die katalogus van 'n universiteitsbiblioteek op te spoor. Die vernaamste waarde van die boek lê waarskynlik tog daarin dat dit insig bied in die ontwikkeling van die Afrikaanse geskiedskrywing en van verwickelinge binne die kring van Afrikaanse historici in die periode na 1950. Hierbenewens bied dit vir jong historici en aspirant-historici (en 'n mens hoop hulle bestaan nog) 'n interessante kykie in die loopbaan van 'n historikus, Hoewel die omstandighede waarin historici werk in die loop van die jare telkens verander, is daar algemene aspekte wat dieselfde bly, rakende, onder meer, verhoudinge met kollegas, probleme om vernuwing in die opleiding van studente deur te voer en veral die invloed wat nuwe tendense en idees gedurende die loopbaan van 'n historikus het op sy beskouinge en sy navorsingswerk.

Die taalgebruik van albei historici is oor die algemeen onbesproke, maar 'n bietjie meer taalversorging sou tog kon gehelp het om klein steurnisse soos inkonsekwenthede in die los en vas skryf van woorde en die gebruik van hoofletters uit die weg te ruim. Op p. 28, byvoorbeeld, kom die woorde "Afrikanerhelde", "afrikaner historici" en "Afrikaner geskiedskrywing" voor. Die boek is tipografies goed versorg en van 'n treffende voorblad voorsien.